SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION

SAOU

Gee die pas aan / Setting the pace

# Media report: 1 Feb – 15 Feb 2016

## Major media themes for the period

1. Lack of space in schools
2. Comment on quality of education in 'Black' schools
3. Religious practice in schools
4. Sono and what was not said

## SAOU media presence and releases

The news for the fortnight under discussion focussed mainly on the anticipated content (or lack thereof) of the Sono. Netwerk 24 carried a pertinent comment by the CEO Mr Klopper regarding the importance of what the President did *not* say (click here for full report and summary headlines).

Given the frequency of the reportage on problems ranging from poor or non-existence of adequate facilities in many schools to non-delivery of textbooks it would not be too far-fetched to see an emphasis on the poor quality of teaching, especially (it is suggested) among the black community, as a new angle on politicising the education scene in view of up-coming elections.

While the MEC of Gauteng has continued to present himself flamboyantly positively in the media, newspapers have also not hesitated to report on thousands of missing tablets, lack of teachers to fill classrooms and the lack of space to accommodate learners. The selling of teaching posts has lurked ominously in the shadows of reported problems. To date there has not been any significant call on the DBE to address the real issues rather than 'fiddling' Nero-like with the peripherals while the teaching profession feels more and more abandoned.

There are those who believe that the coming elections will be cooked on a hotplate of racially focussed rhetoric: Given the amount of print space devoted to tertiary institution language issues and hysterical attacks on past presidents, there seems to be every likelihood of these beliefs being realised.

The religious practice in schools saga has resurfaced with OGOD insisting that all religious practices must be acknowledged – with particular emphasis on Satanism, just in case, one imagines, that there are readers who do not understand that that too is a 'religion'. (Click here for full article)

## Selected headlines illustrating trends for period 1 Feb – 15 Feb 2016 are attached separately.

*It is important to note that the headlines are culled from all the newspapers listed below, thus ensuring that a comprehensive overview of topics currently trending in the media are taken into account.*

| **Monday – Friday** | | **Saturday Papers** | **Sunday Papers** |
|---|---|---|---|
| Sowetan | | Saturday Star | City Press |
| The Citizen | Herald | Saturday Pretoria news | Sunday Times |

| | | | |
|---|---|---|---|
| The Star | Daily Dispatch | Naweek Beeld | Sunday Independent |
| Pretoria news | Mercury | | Sunday World |
| Business Day | Financial Mail (**Fri**) | | Sunday Sun |
| New Age | Mail & Guardian (**Fri**) | | Rapport |
| Daily Sun | | | **Electronic Media** |
| Beeld | | | News 24 |
| Volksblad | | | Netwerk 24 |
| Burger | | | |
| The Times | | | |

*Ted Townsend Feb 2016*

## Selected Headlines 1 Feb – 15 Feb 2016

**Quality of education**

The school that means business City Press 1 / 2
MEC vows to defend educators Dun 1 /2
New schools streams plan has promise – but big risks too Times 1/2
ANA-toetse: Dept. kry 'genoeg om mee te werk'
Higher Education NW 24 2/1
Meer as 55 000 tablette nie teruggegee Beeld 4/1
Johannesburg textbook scandal The Star 2/2

Beeld | Jou wêreld, jou koerant | Donderdag 4 Februarie 2016



Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir onderwys, glo om aan hoërskoolleerlinge tablette te gee, sal 'n verskil maak aan hul vordering, maar tienduisende van 2015 se matrikulante het nog nie hul tablette teruggebring nie. Foto: DENZIL MAREGELE

12 Nuus.

### Meer as 55 000 tablette nie teruggegee

Simvuyele Mageza

Meer as 55 000 tabletrekenaars wat die Gautengse onderwysdepartement verlede jaar aan gr. 12-leerlinge uitgedeel het, is nog uitstaande.

Die matrieks in staatskole het 10 duim-tablette gekry om hulle te help met onder meer navorsing en take.

Hulle was veronderstel om dit aan hul skool terug te gee sodat vanjaar se matrieks dit ook kan gebruik. Die departement bevestig daar is egter tienduisende wat nog nie teruggegee is nie.

Panyaza Lesufi, LUR vir onderwys, het verlede maand gesê elke gr. 11- en 12-leerling sal 'n tablet kry om mee te studeer.

'n Internet-databondel sal op die tablette gelaai word wat daagliks tussen 05:00 en 21:00 gebruik kan word.

"Die leerlinge se ouers het 'n wettige kontrak onderteken.

"Hulle moet dit terugbring, want dit is staatseiendom en dit is 'n strafregtelike oortreding om die toestel te steel of beskadig," sê Oupa Bodibe, woordvoerder van die departement.

"Dié wat ons wel teruggekry het, kan nie nou vir die leerlinge gegee word nie.

"Die tablette moet nuwe profiele en programme kry vir die individuele behoeftes van die leerling wat dit volgende gaan gebruik.

"Die departement se grootste uitdaging met e-leer en slimtoestelle is diefstal – al het elke tablet 'n opsporingstoestel," sê Bodibe.

"Die tablette wat nog nie terug is nie, is vir die matrieks gekoop.

"Nou gee ons vir gr. 11-leerlinge ook, en dus moes meer gekoop word.

"Die verspreiding van die nuwe tablette sal op 8 Februarie begin," sê Bodibe.

> Hulle moet dit terugbring, want dit is staatseiendom en dit is 'n strafregtelike oortreding om die toestel te steel of beskadig.

Wat sê jy? Stuur 'n SMS na 45571

Plek in skole gesoek vir 8700 Beeld 5/2
Reuse-tekort aan leerkragte verlam SA onderwysstelsel Beeld 5/2
Education and business must work together BD 8/2
Wits gooi Afrikaans as hoofvak in BEd uit Beeld 10/2
Matriek punte wys onderwys vir swart mense is nie op peil NW 24 10/2
Blended learning is next ed tech revolution World Education Feb 2016
Protesters held as schools shutdown carries onHerald 10/2
Hundreds of pupils learn outside D D 10/2
Parents challenge school merger plan Herald 9/2
Classes trashed, books burned Herald 9/2
Parents split over school closures D D 9/2
Innovation needed to boost matric results M&G 4/2
Joburg textbook scandal Star 2/2
Our kids need help Daily Sun 2/2
Pupils minus textbooks 4 weeks into term PNews 2/2
No teachers – no school (science teachers) D/Sun 2/2
4 pupils to one desk North West school Sun Times 31/1
Onderwys is 'die weeskind' van beroepe NW 24 10/2
High number of supps under way NA 11/2
12 000 tablets missing in Gauteng Cit 10/2
Save our pupils Star 10/2
Quality education still unavailable to many blacks Cit 10/2
Pupils get a maths lesson on a bus Star 9/2
School still faces desk shortage NA 9/2
Concern over school dropout rate:

- 1 in 12 drop out
- 1.2 million started Grade 1 in 2003 and only 571 819 of them enrolled for matric' Herald 8/2

Official bails on delivery pledge Cit 8/2
State staff taking their pensions and running Sun Times 7/2
E Cape schools face major booze threat Cit 8/2
Exam results show lessons in education partnership learnt Sun Times Business 7/2
Report on selling of teacher posts released Sun Ind 7/2
Zuma swyg weer oor onderwys (Chris) Beeld 15/2
SA skole syfers wil nie klop nie NW24 15/2
School ceiling collapses on learners NM24 15/2
LUR trap onnies uit oor slaagsyfer van 23% NW24 15/2

**Religious practice in schools**

'Selfs Satanisme moet respek kry in skole' Rapport 14 Februarie 2016 00:15

**Higher Education**

Blackface: Groep by Maties verdeeld Beeld 10/2
Purple face: Studentegroep sê 'skuus Beeld 9/2

**Viloence and Sexual Harrassment**

Kinders vertel hoe hul deur onnies geslaan is NW24 17/1
Charge rogue teacher says MEC Sow 1/2
'Initiation boys' plead guilty DFA 10/2
Drie erken 'inlywing het te ver gegaan, letsels by seun gelaat' Volkblad 10/2
Teacher fight fails Sun World 7/2
Onderwyser druk glo pen in kind se hand (hand is gebreek)Beeld5/2

**Language Issues & Racism**

NG Kerk pak rassisme ½
Language helps to narrow the gap between two cultures BD ½

**Political Influence**

Turbulence in labour sphere this year B/D ½
"FW Vlok moet boet" Beeld 4/1
Nie alle Afrikaners is rassiste nie, meen Juju Beeld 5/2
Rassis De Klerk mag nie SA leer. Maar Tutu maan teen 'mode om aan te val'Beeld 8/2
Wit emosies ry wipplank sê Des Beeld 8/2

**Zuma swyg weer oor onderwys** Deur Anika Marais 14 Februarie 2016 23:45



President Jacob Zuma lewer Donderdagaand sy staatsrede. Hy het vir die tweede jaar in 'n ry bykans niks oor die onderwys in sy toespraak genoem nie. Foto: Nasief Manie

President Jacob Zuma lewer Donderdagaand sy staatsrede. Hy het vir die tweede jaar in ’n ry bykans niks oor die onderwys in sy toespraak genoem nie. Foto: Nasief Manie

President Jacob Zuma lewer Donderdagaand sy staatsrede. Hy het vir die tweede jaar in ’n ry bykans niks oor die onderwys in sy toespraak genoem nie. Foto: Nasief Manie

Vir die tweede jaar in ’n ry het pres. Jacob Zuma in sy staatsrede oor die stand van die onderwys geswyg. In sy staatsrede van meer as ’n uur het hy in drie sinne dié verantwoordelikheid aan die minister van finansies, Pravin Gordhan, oorhandig.

“Die regering het gereageer op die finansiële tekort van die 0%-toename in klasgelde, soos ooreengekom is op ’n vergadering met studente en rektors van universiteite. Die minister van finansies sal meer detail oor die finansiering daarvan in sy begrotingsrede gee,” het Zuma gesê.

“Ek het ’n regskommissie aangestel om hoër onderwys te ondersoek. Ons moedig alle belanghebbendes aan om hul samewerking te gee.”

Oor basiese onderwys het hy egter nie ’n woord gerep nie.



Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU.
Foto: Leánne Stander

Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU. Foto: Leánne Stander

Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU. Foto: Leánne Stander

“Dit is baie jammer, want daar is ’n dringende behoefte om die gehalte van onderwys in die land te verbeter,” het Chris Klopper, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), Sondag gesê.

“Aan die ander kant is ons ook dankbaar dat hy ’n klomp ander goed oor die onderwys nie gesê het nie. Dit blyk daar is nie tans ’n plan om die magte en bevoegdhede van skole se beheerliggame te beperk, soos in ’n stadium bespiegel is nie.”

Die feit dat Zuma die #FeesMustFall-veldtog net vlugtig genoem het, dui vir Klopper daarop dat Gordhan nog nie noodwendig weet waar die geld vir die 0%-verhoging van klasgelde vandaan gaan kom nie. “Ek dink daardie somme moet nog gemaak word en Zuma wou nie beloftes maak wat hy nie kan nakom nie.”

‘Selfs Satanisme moet respek kry in skole’ Rapport Deur Sonja Carstens 14 Februarie 2016 00:15

Hans Pietersen, voorsitter van die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod).

Hans Pietersen, voorsitter van die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod).

Die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod) vra dat die hof beslis onderwysers moet alle godsdienstige wêreldbeskouings, insluitend Satanisme, met dieselfde respek behandel, blyk uit hofstukke wat by die hooggeregshof in Johannesburg ingedien is.

Ogod vra ook dat onderwysers verbied word om in skooltyd die leiding te neem in godsdienstige rituele.

Hans Pietersen, Ogod se voorsitter, sê in sy stukke geen godsdiens behoort voorkeur bo ’n ander godsdiens in skole te geniet nie, ongeag die gevoelens of die oortuigings van die meerderheid van die skolegemeenskap.

Pietersen het Woensdag repliek gelewer op die eedsverklaring van Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas), waarin Ogod se omstrede aansoek in die hooggeregshof in Johannesburg teengestaan word.

Ogod vra die hof in ’n toetssaak om dit ongrondwetlik te verklaar dat een geloof bo ’n -ander in openbare skole uitgeleef word.

Die organisasie vra die hof ook om ses skole se Christelike gebruike deur ’n interdik te verbied en ongrondwetlik te verklaar.

Dié skole is die Hoërskool Linden in Johannesburg, die Laerskool Randhart in Alberton, die Laerskool Baanbreker in Boksburg, die Laerskool Garsfontein in Pretoria, die Hoërskool Oudtshoorn en die Langenhoven Gimna-sium in Oudtshoorn.

Volgens Pietersen is die omvattende peiling oor godsdiens in skole wat dr. Tanya Robinson, ’n gesinsterapeut, namens Fed-sas onder leerlinge van die ses skole gedoen het, irrelevant.

“Die enigste vrae wat beantwoord moet word, is of die manier waarop openbare skole godsdiensonderrig beoefen strydig is met leerlinge se grondwetlike regte en strydig is met die nasionale godsdiensonderrig-beleid.

“Alle kinders moet gelyke behandeling geniet en die meerderheid leerlinge se besware mag nie swaarder weeg as die minderheid s’n nie,” sê Pietersen.

Ter stawing van sy argument dien Pietersen ’n verslag in van prof. Cornelia Roux, ’n navorser aan die Noordwes-Universiteit (NWU), waarin sy Robinson se peiling kritiseer.

Roux sê navorsing dui daarop dat onderwysers wat nie noodwendig die nodige teologiese kennis of opleiding het om godsdiensonderrig aan te bied nie, kinders se godsdienstige ontwikkeling en begrip van godsdienstige beginsels kan skade berokken.

Roux sê Robinson se vrae is eensydig en onvanpas en sy betwyfel of ’n etiese komitee van ’n universiteit die vraelys sou goedgekeur het.

Sy bevraagteken ook of die leerlinge die vrymoedigheid gehad het om die vraelyste eerlik te beantwoord.

Pietersen sê diskriminasie begin die oomblik wanneer daar van ’n leerling verwag word om ’n klaskamer of skoolsaal te verlaat. Dit skep die indruk dat hy of sy “anders” is of “anders optree”.

Hy sê skole maak hulle skuldig aan indoktrinering selfs net deur te verwag dat ’n kind sy godsdienstige oortuigings op ’n aansoekvorm bekend moet maak.

“Die skool moet die verantwoordelikheid aanvaar om vaardighede, kennis en waardes te ontwikkel wat ’n inklusiewe en diverse Suid-Afrikaanse gemeen--skap bevorder, ongeag wat die demografie van die skool is,” sê Pietersen.

Die aansoek is nog nie op die hofrol geplaas om aangehoor te word nie.

scarstens@rapport.co.za

**Meer Stories**

Hans Pietersen oor Ogod-hofsaak: ‘Elke kind moet welkom voel’

‘Geloof is persoonlike keuse’

‘Skole sloer onnodig met hofstukke oor godsdiens’